2026
3 - 10 MEI

# Eldo-Nuusbrief

Hiér maak JY saak

ELDORAIGNE FAMILIEKERK
Hiér maak JY saak

## Gedagte vir die week



Hierdie week is 'n nuwe kans om met vreugde, energie en dankbaarheid aan te pak. Elke oggend bring vars genade en nuwe geleenthede om iets mooi te beleef. Moenie wag vir spesiale oomblikke nie, maak elke dag besonders met 'n glimlag en 'n positiewe hart. Mag hierdie week oorloop van seëninge, sukses en blydskap!
Teksgedeelte: "Dit is die dag wat die Here gemaak het; laat ons daaroor juig en bly wees." – Psalm 118:24

## Gebed vir die week

**Bid in die Gees en die Waarheid**
Dankie Here dat U vir ons die weg oopmaak om U te aanbid. Wys ons die waarheid en gee ons 'n gees van onderskeiding in hierdie deurmekaar tyd. *Amen*



## Wat gebeur alles die maand?

### Eredienste:

**Sondag 3 Mei**
09:00 Erediens
Geen Mini- en Eldo-Chomps a.g.v. langnaweek
Geen Diens@6 a.g.v. langnaweek

**Sondag 10 Mei  Moedersdag**
09:00 Erediens
09:00 Mini-Chomps in die Ark
09:00 Eldo-Chomps in die Eldo-Chomps saal
18:00 Diens@6 Erediens en Tiener Kleingroepe

**Sondag 17 Mei**
09:00 Erediens
09:00 Mini-Chomps in die Ark
09:00 Eldo-Chomps in die Eldo-Chomps saal
18:00 BELYDENISAFLEGGING

**Sondag 24 Mei - Pinksterfees**
09:00 Erediens
09:00 Mini-Chomps in die Ark
09:00 Eldo-Chomps in die Eldo-Chomps saal
18:00 Diens@6 Erediens en Tiener Kleingroepe

Kyk die eredienste 'live' op YouTube!

**Soek jy 'n opsomming van laasweek se preek?**

Kliek hier!

**vir die Gespreksgids!**

Kry die kerkkalender op die kerk se webtuiste

## Eldo-Chomps

### Sop in 'n bottel

**Die Chompies wil graag die winter 'n verskil maak in mense lewens wat dit regtig nodig het.**

**Help ons groot asseblief om die bestandele in te samel soos uiteengesit.**

**Vir enige navrae kontak Nicolette by 082 307 2333 of by die gemeentekantoor se no 068 031 8844.**
**Byvoorbaat baie dankie.**




Gaan besoek ons Facebook-blad vir meer inligting!

## Diens@6




## Ander







**ELDORAIGNE FAMILIEKERK: SELFVERDEDIGINGSKURSUS**

Aangebied op 9 Mei vanaf 08:30 - 12:00. Koste: R50 p/p


- Dit is gemik op 'n volwasse gehoor.
- Trek gemaklike los klere aan
- Bring 'n besemstok 1.2m lank en wat oorgebly het wat jy van die besem afgesaag het +- 300 mm - skuur dit glad.

Wat behels die kursus?

- Basiese daaglikse veiligheids voorsorg maatreëls
- Basiese ontduik tegnieke
- Basiese gebruik van 'n stok
- Basiese gebruik van huishoudelike implemente.









Eldoraigne Familiekerk is nou op Instagram!
Gaan volg ons deur HIER te kliek.

## Kantoor Kaskenades

**Om taai biltong te eet is nie 'n probleem nie. Dis 'n sening.**

## Bybel 101!



© BIBLICAL ARCHAEOLOGY SOCIETY

### Het jy geweet...

Wat doen 'n piramide in die Judeese Woestyn? Die *Israel Antiquities Authority* (IAA) het die piramiede na die Hellenistiese tydperk (ca. 332–37 v.C.) dateer, deels gebaseer op munte wat by die terrein ontdek is. Die struktuur se oorspronklike doel bly 'n raaisel. Die IAA sê: "Ons is steeds nie seker wat die gebou se doel was nie: Is dit 'n wagtoring wat 'n belangrike handelsroete beskerm het waardeur die Dooie See-hulpbronne van sout en bitumen na die kushawens vervoer is? Of het hierdie enorme struktuur op die bergtop op 'n stadium 'n graf gemerk, of as 'n monument in die antieke geskiedenis gedien?" Voorlopig kan ons net raai.

# Potjiekos kompetisie




Vir die Inskrywingsvorm, kliek HIER.
Om jou kaartjies te koop, kliek HIER.
Vir meer inligting, kan jy ons webtuiste besoek of vir Fanie kontak.


# Algemene Terugvoer

Voormalige Springbok rugbyspeler, JACO KRIEL, het Sondag die 19de April as spreker vir Diens@6 kom kuier. Dankie aan almal wat daar was om die aand 'n sukses te maak!





# "Save the date"

| 10 Mei<br>Moedersdag | 17 Mei<br>Belydenisaflegging | 18 - 21 Mei<br>Pinksterdienste |
|---|---|---|
|  |  |  |
| **24 Mei<br>Pinksterfees** | **6 Junie<br>Potjiekos Kompetisie** | **29-31 Oktober<br>Miernesmark** |
|  |  |  |

## BELYDENISAFLEGGING: 17 MEI 2026

Die volgende jong mense gaan op 17 Mei Belydenis van hulle Geloof voor God en die gemeente aflê:
Renike Pretorius; Angelique van der Bank; Carla van der Merwe; Mariska Coetzee; Helena Langenegger; Talia Reyneke; Arnu van Reeuwyk; Ilze van der Westhuizen; Christopher Mynhardt; Damien Geldenhuys; Janelle Coetzee; Robin van der Merwe; Walter Viljoen; Mia Badenhorst en Joshua Anker.



**Wil jy meer inskakel?** *Raak Betrokke!* **by ons Familie!**

# Verjaarsdae vir die week

**Baie geluk:**

Johan Bloem 04/05
Alta de Beer 04/05
Rita Esterhuizen 04/05
Linda Kock 05/05
Kallie Kotze (Jnr) 05/05
Cornell Rheeder 06/05
Jané Steenekamp 06/05
Philro v Achterbergh 07/05
Tianet v/d Merwe 07/05
Mercia van Zyl 07/05
Carin Venter 07/05
Hanno Viljoen 07/05
Grieta v/d Merwe 08/05
Janica Anker 09/05
Paul Kruger 09/05
Stef Maritz 10/05




Mag jy 'n lekker dag hê en 'n geseënde jaar vol vreugde en geluk!

# Nuwe Intrekkers

Welkom!

Ons verwelkom Petri en Myvonne Senekal en gesin as lidmate van ons Familie.



Weet jy van iemand wat nuut is, verwys hulle asseblief na ons gemeentekantoor sodat ons hulle inligting op ons databasis kan plaas vir gereelde kommunikasie.

# Lief & Leed

Weet jy van enige lief of leed in die gemeente?
Skakel asseblief die gemeentekantoor by
068 031 8844 om die leraars in kennis te stel.



**Het jy enige nood?** Laat weet ons **vir 'n gebedsversoek!**



# Lewensverryking Seminare 2026




**Vir meer inligting, besoek hul webtuiste HIER, of kontak hulle by 083 251 6725 / 087 095 0512**

# Prisma

Ons benodig dringend hulp en bydraes van spesifiek hierdie klere se groottes. Baie dankie aan almal wat altyd bereid is om te help waar daar nood is.



## BYBELVERSPREIDING VIR HOOP

**Bybels verteenwoordig die Woord van God, ongegag hoe jy dit sien – ons het dit nodig.**

**Hoekom doen ons dit?**
Daar is 23 miljoen mense, in SA, sonder 'n Bybel, ons het 'n doel. Wiele van Hoop, geformaliseer in die BIBLIA NPC, staan in die gaping van hierdie behoefte – ons versprei Bybels na plekke waar jy soms moeilik sal kom sonder 'n goeie bakkie of 4x4, daar waar baie mense vergete is.

**Waar staan ons vandag?**
Lesotho 2013 (2 Bokse Bybels – Sani Top Chalets),
Namibia 2019 (1 Boks Bybels verdwyn tussen pompjoggies en hekwagte),
Lekgalameetse in Limpopo 2024 (600 Bybels en Bybel boekies),
Swartruggens 2025,
Lekgalameetse 2025 (561 Bybels en 361 Bybel Boekies) en
Mtomeni Safari Kamp in Letaba Ranch - September 2025.



**Wat volg?**
Lesotho 14-19 Maart 2026 (10 Sesotho en 10 Engels),
Lekgalameetse 8-12 April 2026 (beplan 304 Bybels en 12 Audio Bybels),
en behoefte bepaling in Hothazel en Van Zylsrus.

**Hoe gaan ons dit volhou?**
Ons begin oorgee aan gemeenskappe waarna ons hulle sal steun – gemeenskappe moet hulself versorg.

**Wat het ons nodig?**
Mense met wiele.
Finansies om Bybels aan te koop @ R150 per Bybel.
R30 000 vir die Lekgalameetse 8-12 April 2026 uitreik


**BANKBESONDERHEDE**
**BIBLIA NPC**
**ABSA TJEK: 4122 580 051**
**TAKKODE: 632005**
**Stuur bewys van betaling aan:**
**info@biblia.org.za**

**Hierdie fondse sal slegs aangewend word vir die aankoop van Bybels.**

**Ons praat graag met julle!**
**Johan & Belinda Coetzee: 083 445 0452 / Johan & Elna du Plooy: 082 852 2395 / www.biblia.org.za**

## Vir almal se hulp en betrokkenheid sê ons *Dankie!*

## Hiér maak JY saak!




www.eldofam.co.za

Gaan besoek ons webtuiste vir meer inligting oor alles wat by die kerk gebeur!

**Jesaja 41:10**
Moenie bang wees nie, want Ek is by jou; moenie vrees nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou; ook help Ek en ondersteun Ek jou met my seëvierende regterhand.

# Ondersteun asseblief ons adverteerders

**Kom loer in by Heavenly Coffees Express vir 'n heerlike koel lafenis in die hitte - ons het yskoue koffie slushie, gegeurde slushies vir die kleinspan en top gehalte regte egte roomyse in 'n variasie van geure.**

**Kry sommer 'n pak koffiebone terwyl jy daar is!**

**Ons is by Willem Botha Rylaan Nr 251, regoorkant Laerskool Wierdapark, langs die Gereformeerde Kerk**

## HEAVENLY COFFEES









## RUSOORD VAKANTE POS:

Rusoord Centurion tehuis vir ouer persone het 'n vakante pos vir 'n geregistreerde verpleegkundige beskikbaar.

Stuur u CV na info@rusoordcenturion.co.za

Vir navrae kontak die bestuurder, Mev Ida du Plessis, by. 012 664-5835 tydens kantoorure.